# Hoekom ’n Boom? (Die Kruis)

Daar is twee tipes mense in hierdie wereld. Die wat dink die storie van Jesus is net ‘n fee verhaal—‘n oulike idee, maar nie die waarheid nie. En die tweede groep, mense wat glo Jesus het werklik bestaan, gesterf op die kruis vir ons sondes en was opgewek uit die dood. Werklik en baie kragtig!

In die tuin van Eden was daar die boom van Kennis van goed en kwaad. God het gese dat Adam en Eva nie veronderstel was om van dit te eet nie, maar die vyand het hulle in versoeking gebring deur die saad van twyfel in hulle gedagtes te saai en hulle tot die punt gebring om die van die vrugte te eet—die begin van sonde, trots en rebellie!

**Die kruis bewys drie dinge. EEN, dat God in beheer is. TWEE, dat God altyd by Sy beloftes hou. En DRIE, dat God liefde is en verhoudings georiënteerd is.**

1) **GOD IS IN BEHEER—Hy wil jou nie beheer nie.**

***Spreuke 16:1***
***“’n Mens beplan sy koers, maar die Here bepaal sy bestemming.”***

***Efesiërs 1:19-20, die Boodskap***
***“Verder bid ek ook dat julle sal agterkom dat die krag van God wat in ons werk sterker as enigiets anders is. Ons het gesien hoe geweldig daardie krag regtig is toe God Jesus uit die dood laat opstaan en vir Hom die belangrikste plek in die hemel gegee het. Daardie selfde krag werk ook in ons as Christene.”***

Kom ons raak persoonlik:
Wat is tans buite jou beheer in jou lewe?
Wat is dit wat jy sê:

- “Maak nie saak hoe hard ek probeer nie, dit raak nie beter nie.”
- “Ek wil hê my loopbaan moet in hierdie rigting beweeg, maar dit doen nie.”
- “Daar is gewoontes in my lewe wat ek wil breek, maar ek kry dit nie reg nie.”
- “Daar is goeie gewoontes wat ek in my lewe wil kweek, maar ek het nie die wilskrag om dit reg te kry nie.”

Wat in jou lewe wil jy graag hê moet verander, maar dit doen nie?
Selfs met jou beste pogings, wil dit net nie werk nie.
Miskien is dit met jou kinders, jou finansies, jou gesondheid.
Miskien is dit een of ander verhouding.
Waaroor is jy die meeste bekommerd?

2) **GOD HOU SY BELOFTES ( Hy is betroubaar)**

***Numeri 23:19, AFR 83: God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?***

***1 Petrus 1:4-5 (NLV)***
***“God het inderdaad ’n kosbare erfporsie vir sy kinders. Hierdie erfporsie kan nie tot niet gaan of besmet word of verwelk nie; God hou dit veilig by Hom”***

3) **GOD IS LIEFDE (God is verhoudings georiënteerd.)**

***Johannes 3:16***

***'“God het bewys hoe lief Hy die wêreld het. Hy het sy unieke Seun na die wêreld toe gestuur sodat elkeen wat in hierdie Seun glo, nie verlore sal gaan nie, maar vir altyd saam met God kan leef.'***